

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## Nota:

Omrede hierdie artikel meesal aan mense gestuur word wat nog vasgevang is in die kersfeestradisie, gebruik ek die "Name" (titels) van God waarmee die meerderheid Christene bekend is, naamlik: *God, die HERE* en *Jesus Christus*. Ek wil die leser egter daarop wys dat hierdie nie die ware Name van God is nie. Die Naam van God die Almagtige word in Hebreeus geskryf as יהוה en getransliterereer as YHVH (Yahuah). Hierdie Naam word meer as 7 000 keer in die Skrifte (Bybel) gebruik, maar word as *die HERE* vertaal. Die Messias se ware naam is Yeshua – in Hebreeus geskryf as ישוע – Yeshua Messias (Die Gesalfde Een).

*Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n kleeed saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? **Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van sy Seun—as jy dit weet?** Spr. 30:4.*

Hierdie skrywe se doel is nie om mense te oordeel nie, maar 'n poging om die waarheid bekend te maak. Ek respekteer die siening van elkeen wat besluit om steeds Kersfees te vier. Hierdie is 'n saak waarvoor elkeen self moet besluit.

## DIE KERSFEES DILEMMA

*Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige – **2Kor. 6:16 tot 18.***

*En jy mag geen gruwel in jou huis inbring nie, sodat jy nie net so onder die banvloek kom nie; Jy moet daar heeltemal 'n afsku van hê en dit geheel en al as 'n gruwel beskou; want dit is onder die banvloek – **Deut. 7:26.***

Volgens bogenoemde Skrifte is die opdrag van Vader-God baie duidelik, naamlik: Ons mag geen verbintenis of deelname aan afgodery hê nie! Afgodery is volgens God 'n gruwel. Lees ook Deut. 12:29 tot 32; Deut. 18:9 tot 14; Jak. 4:4 en 2 Kor. 11:2 tot 4 in die verband. Talle van ons Christelike gebruike en tradisies het egter 'n afgode oorsprong en verbintenis. Die viering van Kersfees is 'n voorbeeld hiervan.

Ek wil jou vra om die res van hierdie artikel met 'n oop gemoed te lees. My bedoeling is nie om jou te probeer oortuig nie, maar bloot om feitelike inligting te gee. Die Heilige Gees is die een wat ons leer en wat die leuen en die waarheid kan skei.

Talle mense besin nooit oor wat hulle glo en hoekom hulle dit glo en waarom hulle doen wat hulle glo. Het jy jousef al die volgende gevra? Is Kersfees regtig

ʼn Christenfees? Bring ons eer aan God en aan Jesus Christus deur die viering van Kersfees? Wat is die oorsprong van die viering en gebruike van Kersfees? Min Christene het nog ooit die moeite gedoen om die antwoorde op hierdie vrae te kry. Ons het groot geword met die herdenking van die 25 Desember as die geboortedag van Jesus Christus en die oorgrote meerderheid aanvaar dat dit volgens die Bybel korrek is en derhalwe God se goedkeuring het. Selde word die dag en die wyse wat Kersfees gevier word, bevraagteken. Wat is egter die waarheid? Weet jy?

Al hoe meer wedergebore gelowiges is in ʼn tweestryd gewikkel aangaande die viering van Kersfees. Terwyl die geboorte van Jesus Christus as ʼn ewige herinnering van God se genade en liefde vir die mens dien, is die vraag egter die volgende: Hoe en wanneer behoort God se kinders hierdie gebeurtenis te herdenk? Die vraag behoort dalk eerder gevra te word of ons dit hoegenaamd moet herdenk? Daar is geen opdrag in die Bybel om Kersfees te gedenk nie en die gemeente van Handeling 14 het beslis nie Kersfees gevier nie?

Die viering van Kersfees is nie deur God ingestel nie. Geen Bybelse of geskiedkundige bewys kan gevind word dat Christene gedurende die eerste eeu na Christus Kersfees gevier het nie. Hierdie gebruik het eers later posgevat toe die Christengeloof met afgodediens besoedel geraak het en die Roomse Kerk in die vierde eeu na Christus die 25 Desember as die geboortedag van Jesus verklaar het.

Hierdie dag was egter eeue voor die geboorte van Jesus ʼn heidenfees waar die songod deur verskillende volke en kulture op verskeie wyses vereer en aanbid is. In die tyd van Jesus en die disippels het die Romeinse Ryk die fees van Saturnalia gevier waartydens die geboorte van die songod op die 25 Desember herdenk was, sowel as die songod se terugkeer wat gevier was met die begin van die somer in die Noordelike halfmond.

Geskiedkundig en Bybels is dit ʼn feit dat die viering van Kersfees op die 25 Desember, asook die meeste gebruike en tradisies wat daarmee gepaardgaan, niks met Jesus Christus te doen het nie. Die oorsprong is afgodery wat voor die geboorte van Jesus Christus beoefen was en wat jare na die geboorte, kruisiging, opstanding en hemelvaart van Jesus ʼn Christenkarakter deur hoofsaaklik die Roomse Kerk gegee is. Die viering van Kersfees is ʼn mengsel van Bybelse waarhede en afgodery. Is dit regtig moontlik om God op so ʼn wyse te vereer en te aanbid?

Elkeen wat erns met God het, en wat niks wil doen om onder God se wil uit te beweeg nie, staan voor ʼn Kersfeesdilemma en moet ʼn keuse maak. Jy kan kies om voort te gaan met die viering van Kersfees omrede jou bedoelings suiwer is en jy probeer om dit ʼn ware Christusfees te maak deur Jesus Christus terug te sit in Kersfees. Jy kan standpunt inneem dat jy jou nie steur aan die heidense verbintenis wat hierdie dag met sy gebruike het nie. Jy kan kies om Skrifte soos 2 Kor. 2:16 tot 18 en Deut. 7:26 te ignoreer. Die vraag wat jy ook sal moet beantwoord is of Jesus ooit in Kersfees was? Wat sit jy terug in Kersfees en wat haal jy uit Kersfees? Jy kan opreg wees in jou bedoelings, maar jy kan opreg verkeerd wees.

Die ander keuse is om die viering van Kersfees geheel en al te staak. Dan is die vraag: Wat gaan jy, jou gesin, familie en vriende op hierdie dag doen? Die viering van Kersfees op die 25 Desember gaan op ons kalender bly. Meer as 2 biljoen mense vier dit jaarliks. As gelowiges wil ons tog die geboorte van Jesus herdenk, want ons is dankbaar dat God ons so liefgehad het dat Hy sy geliefde Seun gestuur het as Redder van die wat verlore gaan. Die vraag is hoe en wanneer

herdenk ons Jesus se geboorte en of ons dit hoegenaamd moet herdenk? Wat verwag God van ons?

Talle mense wil nie die waarheid aangaande die oorsprong van Kersfees hoor nie. Jare se tradisionele viering van Kersfees het hulle vir die waarheid verblind. Onwilligheid om te glo dat ons voorvaders en geestelike leiers kon fouteer, is vir baie genoegsame rede om voort te gaan met die viering van Kersfees.

Eie siening, emosies en redenasies moet egter nooit 'n plaasvervanger vir die waarheid word nie. In heilige ontsag vir God en Sy Woord moet ons strewe na die waarheid. Hierdie waarheid is slegs in God se Woord te vinde. Daarom moet ons versigtig wees vir die oorlewering en leerstellings van mense (Kol. 2:8; Matt. 15:1 tot 9) en slegs die Woord van God gebruik om ons in die waarheid te onderrig (2 Tim. 3:16 en 17).

Wat ook al jou keuse aangaande die viering van Kersfees is; van een ding moet jy en ek seker maak en dit is dat ons deur God geregverdig verklaar word en dat ons nie ons eie geregtigheid oprig nie (Rom. 10:2 en 3). Niemand van ons kan dit bekostig om onself voor God te probeer regverdig nie. Ons moet weet en uitvind wat God se wil is en dit doen. Dan behaag ons God en nie mense of onself nie. Indien ons verkies om onself of mense te behaag, is ons nie dienaars van God nie (Gal 1:10). Laat ons kennis neem van Jesus se woorde in Luk. 6:46: *En wat noem julle My: Here, Here! En doen nie wat Ek sê nie?*

Indien ons iets tot eer van God doen, soos om 'n fees vir Hom te hou, of 'n gebeurtenis te herdenk, dan behoort ons die opdrag in God se Woord te vind, sodat ons die Woord kan gebruik om ons te onderrig hoe om dit te doen. Indien dit nie in die Woord is nie, is dit nie van God nie.

Al die feeste wat deur God ingestel is en wat ondermeer in Levitikus 23 en ander Skrifte gelys word, bevat die betekenis van die fees, asook die riglyne hoe om die fees te vier en die gebeurtenis te gedenk. Kersfees is nie een van die sewe feeste wat deur God ingestel is nie. Die Bybel leer ons nie om Jesus se geboorte by wyse van 'n fees te herdenk nie. Wat die Bybel ons wel leer is om Jesus Christus se kruisiging en opstanding te herdenk.

Hoewel die belangrikheid van die geboorte van Jesus nooit ontken moet word nie, kan ons egter nie toelaat dat dit Jesus se werklike doel op aarde oorskadu nie. Jesus Christus het gekom om as die Eenmalige offer vir ons sondes te sterf. Hy het gekom as die weg van versoening van die mens met God. Dit is wat die Bybel ons leer om te herdenk by wyse van die Paasfees. Die hoogtepunt en belangrikheid van Jesus se bediening op aarde was Sy sterwe aan die kruis en opstanding uit die dode.

Noukeurige studie van die nuwe testament openbaar dat Jesus, asook die disippels in die eerste eeu na Jesus se hemelvaart, steeds die verskillende feeste volgens Levitikus 23 gehou het. Hulle het niks bygevoeg of weggelaat nie. In die Bybel is daar geen verwysing na Kersfees of 'n fees wat enigsins verbind kan word met die viering van Kersfees nie. Waarom vier ons dan Kersfees? Dink ons werklik ons vereer God op dié wyse of verwag ons dat God 'n behae moet hê in 'n mensgemaakte poging wat met afgodery besmet is?

Indien jy opreg is in jou verhouding met die God, behoort jy die volgende vrae te vra en duidelikheid daaroor te kry:

- ❖ Is die 25 Desember die geboortedag van Jesus Christus? Indien nie, waarom herdenk ons dit dan as die geboortedag van ons Verlosser en Koning?
- ❖ Is die herdenking van die geboorte van Jesus Christus deel van die feesdae wat deur God ingestel is? Indien nie, hoekom vier ons dit dan?
- ❖ Wat is die oorsprong van die viering van Kersfees?
- ❖ Waar kom die naam Kersfees vandaan en wat beteken dit?
- ❖ Waar kom Kersvader vandaan en wie is hy nou werklik?
- ❖ Wat het Kersvader, die kersboom, liggies en gee van geskenke met Jesus Christus te doen?
- ❖ Wat is die oorsprong van die gee van geskenke, die kersfeesboom, die kersmaaltyd en van die talle ander gebruike en tradisies van Kersfees?
- ❖ Word God deur die viering van Kersfees vereer?
- ❖ Is goeie bedoelings 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid?

Antwoorde op hierdie vrae kan gekry word deur op die volgende skakel te klik:

<http://nuweliëd.info/wp-content/uploads/2012/02/KersfeesMisleiding.pdf>

Hierdie artikel sal jou help in jou besluit aangaande die viering van Kersfees.

My gebed is dat die Heilige Gees jou sal lei en sal help om die regte besluit te neem.

*Ontvang YHWH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalom  
Johan

**E-pos:** [kontak@nuweliëd.info](mailto:kontak@nuweliëd.info)

**Webwerf:** <http://www.nuweliëd.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*